Resensies / Reviews

Alberts, Paul. 2009. **Buite die hekke van Eden.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*H.J.G. du Plooy*) 203

Manganyi, N. Chabani & Attwell, David, *eds*. 2010. **Bury me at the marketplace: *Es'kia Mphahlele and company – Letters 1943-2006*.** Johannesburg: Wits University Press.
(*C. MacKenzie*) 205

Marais, Johann Lodewyk. 2010. **Diorama: gedigte.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*H.J.G. du Plooy*) 208

Myburgh, Melt. 2010. **Oewerbestaan.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M. Taljard*) 211

Myburgh, Melt, *samest*. 2010. **Versindaba 2010**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M. Taljard*) 213

Pretorius, André. 2010. **Iets ver en nuut.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*B. van der Merwe*) 215

Serfontein, Dot. 2010. **Ek is maar ene.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M. Taljard*) 217

Immelman, Doc. 2010. **Kersfees in Carmona.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(*J.P.C. van den Berg*) 219

Nel, Thijs. 2010. **'n Annerster soort.** Oudtshoorn: Ateljee uitgewers.
(*M. Crous*) 221

Resensies / Reviews

Buite die hekke van Eden

Alberts, Paul. 2009. **Buite die hekke van Eden.** Pretoria: Protea Boekhuis. 304 p. Prys: R595,00. ISBN: 978-10-86919-174-0.

Resensent: H.J.G. du Plooy
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

'n Resensie van hierdie boek kan eintlik geen ander titel dra as die titel van die boek self nie. Paul Alberts was 'n bekende fotograaf wat aan die einde van 2010 oorlede is. Hierdie boek van foto's en kommentariënde teksgedeeltes is as 't ware 'n erflating, enersyds van die dramatiese en aangrypende foto's wat hy oor jare in Suid-Afrika geneem het, en andersyds van die lewensfilosofie wat hy na aanleiding van sy reise en die fotografiese vaslegging van aspekte van die land ontwikkel het.

By die eerste foto van die Oranjerivier net onder die Augrabiese waterval (1998) verskyn 'n inleiding waarin Alberts skryf: "Terwyl ek deur my land gereis het, het ek vir myself fotografiese notas begin maak. Later het ek dit vir my kinders gedoen, want ek wou hê dat hulle ook moet wéét." (Alberts, 2009:7.) Wat die kinders moet weet, word vooraf beskryf: Die heelal is mooi en sinvol deur God geskape, maar die mens tas die skepping in alle opsigte aan deur te beskadig, te vernietig en te besoedel. Die versameling sluit dus foto's in waarvan die fotograaf sê: "Só moes Afrika eens gelyk het" (Alberts, 2009:7) en vir hierdie pragtige beelde is hy dankbaar. Baie ander foto's (wat ook nog ander dagboekfoto's, wat liefs nié gesien moet word nie, uitsluit) gee 'n beeld van Afrika as die resultaat van die mens se handewerk op sy ergste, volgens Alberts eintlik 'n soort hel. Wat dit erger maak, is dat Afrika beskou word as die plek waar die Paradys moontlik sou kon gewees het.

By die eerste stel foto's gee Alberts tekste uit die skeppingsverhaal van Genesis 1 en hierdie foto's beeld inderdaad 'n ongerepte prag-

tige wêreld uit. Dan volg ’n gedig van Breyten Breytenbach, “belydenis”, waarin die digter bestek neem van sy lewe, ’n lewe wat hy sien as een wat eintlik baie min voorstel. Die gedig dui daarop dat die foto’s wat volg, ook ’n soort bestekopname is. Hierop volg foto’s oor historiese plekke, maar foto’s wat inderwaarheid met die dood te make het, onder meer Koos Sas se kopbeen en ’n dooie jakkals in ’n pad naby Douglas. Die boodskap is duidelik: die mens verrig min wat positief is, die mens beskadig en sterf self uiteindelik.

Die foto’s pas in groepe bymekaar: ’n reeks oor droë en onherbergsame landskappe, plekke van droogte en verlatenheid, vernietigde bome; ’n paar foto’s van verlate en verwaarloosde grafte wat oorgaan in ’n reeks oor (verlate en verwaarloosde) monumente van verskillende bevolkingsgroepe; dertien foto’s van kerke, afgebreekte, verwaarloosde kerke, een klipkerk in sy volle glorie, kerke van die armste van die armes en kerkies op afgeleë plekke; ’n reeksie oor ander afgeleë plekke; ’n groot aantal foto’s van die wonings en blyplekke van mense, juis die minder aantreklike woonplekke, plakkershuise, afgeleë hutjies, deelgesigte van plaasgeboue waarin die klem duidelik op armoede en versukkeldheid val, maar die groep word afgesluit met ’n aantal stadsfoto’s waarin die betonwêrelde van stede na vore kom; foto’s van voertuie, waens en perdekarre en motors, ook motorwrakke; foto’s van mense in die normale gang van hulle lewens, met die klem weereens op die armer groepe en minderbevoorregtes van die land. In die foto’s van mense word die verhaal van die land subtiel vertel, die ongelykhede, die stryd, die onvermydelike saambestaan, maar ook die onaansienlike en onaantreklike, selfs vieslike en besoedelende reste en oorblyfsels van die bedrywe van die menslike bestaan.

Hierdie boek bevat pragtige foto’s, uitstekende foto’s waarin die waarheid met artistieke aanvoeling weergegee word sodat elke foto ryk aan betekenis is. Die leser/kyker kan vir ure daarna staar. Dit is swart en wit-foto’s wat, soos tipies van hierdie soort fotografie, op sy beste vol atmosfeer is en aan die boek as geheel ’n dramatiese kwaliteit verleen. Die foto’s is, wat betref lig- en donkerstruktuur, komposisie en balans sonder uitsondering voortreflik – die tegniese vaardigheid van die fotograaf maak dit moontlik dat hy estetiese betekenis aan die beeldmateriaal kan gee.

Uit die kommentaar blyk hoe diep Alberts nagedink het oor die beelde wat sy kamera vasgelê het. Hy wys op die negatiewe invloed van die mens op die natuur, hy wys op die armoede en verdriet, hy toon aan hoe verval en agteruitgang en die verlies van waardevolle dinge saam met en langs nuwe ontwikkeling bestaan. Die fotoboek

sluit af met ’n foto geneem in 1994 van die Geloftemonument by Bloedrivier. Die hele gelofte is daarby afgedruk met ’n slotopmerking oor hoe nodig geloof in hierdie land is.

Alberts het wel ’n taamlike negatiewe siening van die mens, maar daar is tog by hom hoop vir die toekoms. By ’n foto van Jeugdagvierings op Strydomplein in Pretoria (maande na die verkiesing in 1994 geneem), waarop uitbundig dansende swart jongmense en die groot kopbeeld van J.G. Strydom saam verskyn in ’n vreemde kombinasie van kontras en samehang, skryf Alberts: “Kom, meng hierdie grond, strooi dit sodat almal dit kan verstaan. Probeer om die sin daarin te voltooi.” (Alberts, 2009:298.)

Buite die hekke van Eden van Paul Alberts is ’n pragtige en diepsinnige fotoboek, heeltemal iets anders as ’n reeks mooi foto’s of gerusstellende beelde van pragtige dinge. Die boek bevat uitstekende en aangrypende foto’s met kommentaar wat ’n mens laat dink en wat so op sigself deel vorm van die verhaal van Suid-Afrika.

Literary statesman without a state

Manganyi, N. Chabani & Attwell, David, *eds.* 2010. **Bury me at the marketplace: *Es’kia Mphahlele and company – Letters 1943-2006*.** Johannesburg: Wits University Press. 520 p. Price: R220,00. ISBN: 978-1-86814-489-1.

Reviewer: C. MacKenzie
Department of English,
University of Johannesburg

Reading David Attwell’s deft and economical introduction to this hefty volume, which sketches the broad sweeps of Mphahlele’s long and peripatetic life, it struck me that the man was South Africa’s literary statesman par excellence – humane and urbane, thoroughly international in outlook, yet attuned to the local and the African, uniquely able, because of his warm personality and perspicacity, to act as the country’s senior cultural ambassador.

That this never happened, or at least not nearly to its fullest extent, is largely a consequence of timing. Mphahlele’s early life was lived in the shadow of the state’s gradually stepped-up attempts to segregate and stultify, his forced exile led to years of wandering, and his return to South Africa occurred just after the Soweto uprising. The dark years of emergency that followed this watershed event meant

that the country was trapped for a further decade and a half in precisely the kinds of racial, class and cultural ghettoes that he would have been able to bridge. He was, as a result, a literary statesman without a state.

Bury me at the marketplace is the product of a collaboration between two scholars well positioned to undertake such a project: Manganyi, a clinical psychologist by training, has written a biography of Mphahlele (*Exiles and homecomings*, 1983), and in 1984 published an earlier version of the present volume (*Bury me at the marketplace*: *selected letters of Es'kia Mphahlele 1943-1980*). David Attwell, one of South Africa's most respected literary historiographers, established himself as an authority on J.M. Coetzee in the 1990s, and has since published on a variety of African and South African themes, with his recent *Rewriting modernity: studies in black South African literary history* (2005) locating Mphahlele in the broader South African diaspora.

The reader needs a way in to a volume of this size and range. Manganyi and Attwell provide one avenue of access, along with their excellent preface and introduction respectively, in the form of a listing at the outset of Mphahlele's main correspondents, together with thumbnail biographical sketches. Among these are Chinua Achebe, Houston A. Baker, Syl Cheney-Coker, Langston Hughes, James Olney and Wole Soyinka, along with a host of South African writers, including André Brink, Guy Butler, Tim Couzens, Stephen Gray, Nadine Gordimer, Alan Paton, William Plomer and Sipho Sepamla. Mphahlele was thus truly connected in ways both international and African, making his life an exemplary instance of what the regime was strenuously trying to oppose during his most productive years: human connectedness and dialogue. (Mphahlele's most prolific period was from 1946, when his first collection, *Man must live and other stories*, appeared, and 1984, the year in which *Afrika my music: an autobiography* was released.)

Another aid in this immaculately edited volume is the assiduous but never obtrusive footnotes to the letters themselves. Obscure or cryptic remarks are fleshed out in this way, making access to the reader far more ready and meaningful. With the signposting that these footnotes provide, together with the two interviews Manganyi conducted with Mphahlele, and a very detailed index, the letters are more than a simple exchange between parties: they become, in effect, an expanded personal history of a tumultuous period both locally and globally (the "and Company" in the book's subtitle is not an overstatement).

In Africa, Mphahlele experienced the heady days of newly won independence, but also later witnessed the steady disintegration of the continent's social and economic fabric as the second half of the twentieth century wore on. In the West more widely, it was the Cold War that dominated, with Mphahlele himself becoming unwittingly enmeshed in the machinations of the CIA, which covertly funded the Congress for Cultural Freedom, where Mphahlele was Director of African Programmes for a short while in the early 1960s. The CIA through the Farfield Foundation also supported a number of publications to which Mphahlele himself was a contributor, including *Africa South*, *Black Orpheus*, *The classic*, *Encounter*, *The new African and transition.*

His reaction upon discovering this, to which Attwell draws attention, was appropriately vehement. It must truly have been a shock to these exiles, struggling as they were with homesickness and loathing of the apartheid regime, which had in the first place forced them to seek a home elsewhere, to discover that "their" vehicles for "free" expression were underwritten by an organisation complicit in numerous reactionary and extremely damaging interventions back home in Africa. Indeed, there has been some speculation that discovering this duplicity was what pushed Nat Nakasa, fellow *Drum* writer with Mphahlele, over the edge in New York in 1965. In the present volume, however, in a letter to Mphahlele William Plomer has a more mundane explanation: "The Nats wouldn't give him a passport and it is believed that the thought of not being able to go home preyed on his mind." (p. 132.)

At the book's launch at the *Mail and Guardian* Johannesburg Literary Festival in September 2010, Attwell gave an admirably balanced and comprehensive sense of the significance of Mphahlele's life and work as reflected in his letters, and then singled out two letters to read – one to Langston Hughes in 1954, the other to William Plomer in 1970, when Mphahlele was planning to return to the US from Zambia and wanted some advice from Plomer on the South African literature he might want to teach there. In themselves these figures, and what they stood for (the one, liberal, well-connected Bloomsbury; the other, the Harlem of the Black Renaissance), speak of the range of Mphahlele's contacts, and he appeared equally at ease in both worlds.

Attwell concluded his presentation at the Festival by commenting that one of the most remarkable things about Mphahlele was "the work that he made of his life", and that this was "evident in his let-

ters". The poignancy of the present volume's title, given Mphahlele's recent death (2008), Attwell duly remarks upon in his introduction.

Even more poignant, it seems to me, is that the man's life and work, so vividly brought into view in this superbly edited and presented volume, were to some extent stunted by the accident of his time of birth. That he was able to achieve so much in his life of exile and wandering, and of return at such an inauspicious time, is testimony to the man's broad, humanistic vision and his ability to make the best of adversity.

Bury me at the marketplace provides the mortar that binds together the bricks of the splendid edifice that Mphahlele made of his life. It is essential reading not only for Mphahlele scholars, but for all who have an interest in the *Drum* era, the South African diaspora, and South Africa's connections with Africa and the West.

'n Meerdimensionele visie op die werklikheid

Marais, Johann Lodewyk. 2010. **Diorama: gedigte.** Pretoria: Protea Boekhuis. 87 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-365-2.

Resensent: H.J.G. du Plooy
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Johann Lodewyk Marais het met sy oeuvre die reputasie verwerf dat hy 'n "groen" digter is, 'n digter wat die natuur en die bewaring van die natuur op die hart dra. Sy verse gaan dikwels oor die bewaring van natuurlike dinge, diere, voëls en plante, maar ook mense, plekke en idees.

'n Belangrike aspek van bewaring is die optekening van insigte en waarnemings. Dit het al in verskeie van Marais se vorige bundels soos onder meer *Verweerde aardbol* (1992) en *Aves* (2002) voorgekom dat hy dinge met noukeurigheid en liefde beskryf en dus deur die gedig self die uitwissing of uitsterf van natuurdinge teëwerk. Die gedig kan immers in Shakespeare se woorde, selfs die "gilded monuments" oorleef. Marais teken egter nie net op nie, hy is ook geboei deur die mense in verskillende tydperke van die geskiedenis wat hulle met soortgelyke aktiwiteite besig gehou het, wetenskaplikes, versamelaars en skilders.

In die bundel *Diorama* word hierdie werkwyse en tematiek voortgesit en uitgebrei. Dit is egter nie ’n enkellynige of eenvoudige optekeningsproses waarmee ’n mens te make het nie. Die titel van die bundel is veelseggend. Die woord *diorama* verwys na verskillende dinge: dit kan ’n driedimensionele voorstelling of model van ’n plek wees soos wat ’n mens dikwels in museums kry. Die tradisionele “wêreldjie”, ’n kamer of ’n huis of tuin, wat kinders in ’n skoendoos bou, is ook ’n diorama. So ’n diorama kan ’n miniatuurvoorstelling wees of ’n skaalmodel van ’n stad, ’n hawe, ’n historiese toneel, ’n natuurtoneel met diere of ’n oorlogstoneel.

In die negentiende eeu was dit ’n vorm van vermaak om na ’n diorama te gaan kyk. Die eerste dioramas is deur Louis Jacques Mandé Daguerre (1787-1851) gemaak en het uit ’n tonnel bestaan waarin beskilderde linnedoeke agtermekaar geplaas is en deels oorvleuel het, terwyl lig uit verskillende hoeke op die verskillende doeke val om ’n driedimensionele effek te verkry. Kunswerke waarin plat vlakke agtermekaar gerangskik word om ’n driedimensionele beeld te skep, word steeds dioramas genoem. Die elektroniese WAT praat ook telkens van ’n “kykspel”.

Die klem op die visuele en die meerdimensionele aspekte van wat gesien word, is myns insiens belangrik om die opset van die bundel te verstaan. In die eerste gedig beskryf die spreker hoe hy op ’n kronkelpaadjie ry en “skielik uit die hoek van my oog / agter- en agteragterkleinkinders / van die eerste Marais’s van Waterval / fossiele in ’n donga sien uitkrap” (p. 13). Wat gesien en beleef word, is dus meerdimensioneel, nie net wat betekenis betref nie, maar ook ten opsigte van tyd. Wat tans is, is as ’t ware geskuif bo-oor dit wat in die verlede daar was op dieselfde plekke en wat op byna mitiese wyse in die herinnering steeds bestaan, gewoon omdat dit eg daar was. Die derde gedig in die reeks “Lugspieëlings” kwalifiseer die tematiek verder: “Ek wil in my gedig ’n wildtuin skep … wildernisgebiede langs waters / en by koeltebome waar daar rus is.” (p. 13.) Die verwysing na Psalm 23 is duidelik en die leser/besoeker word genooi om in die bundel rus te vind, beskutting te vind, maar dit is ’n plek van natuurlike dinge waar die rus en beskutting te vinde is.

Afdeling II van die bundel bevat gedigte oor diere, van klein na groot, van die springhaas en streepmuis tot by die bloubok, die buffel en eland. Aan elke dier word ’n gedig gewy, maar afgesien van die beskrywing van tipiese eienskappe van elkeen van hierdie diere, kom daar duidelik ’n interpretasie van die bestaan van die dier daarby. Van die gevlekte hiëna sê die digter: “Dit is asof hy hom op die lewe wreek” (p. 23), terwyl die swartrenoster aan die einde van

die gedig "wegstap in herinnering se wei" (p. 31). Daar is ook subtiele verwysings na die geweld teen diere soos die ironies maklike doodmaak van die rateltaaie ratel en die bloubok se geriffelde horings op 'n eikeskild "as durende getuienis en klag / dat hy wat eenkeer was, een keer moes val" (p. 39).

Afdeling III bevat gedigte oor voëls en Afdeling IV oor plante. Afdeling V gaan oor mense, die mense van die Oos-Vrystaat en hulle ou en nuwe stories, die oorlewering van onnutsigheid uit die sestigerjare én die verhaal van 'n plaasaanval uit 1995. Dit is trouens ook dinge wat opgeteken moet word en deur middel van die optekening bewaar moet word. Hierdie is ook een vlak in die dioramiese blik op die werklikheid.

Afdeling VI handel oor historiese figure en aspekte van hulle lewens wat deur optekening bewaar moet word: die versamelaar Francois le Vaillant, Saartjie Baartman, Thomas Baines (van wie 'n skildery op die buiteblad van die bundel verskyn), Richard Leakey en Jane Goodall wat haar hand na die gorillas uitgesteek het.

In die gedigte versmelt drie stelsels met mekaar, die werklike diere en dinge en mense wat referensieel opgeroep word, die digter se sienings en interpretasies rondom die diere en uiteindelik ook die skryfhandeling. Daar is deurlopend 'n subtiele bewustheid van die oproep tot bewaring en respek vir die natuur, maar ook via die interpretasie van die digter 'n bepaalde klemplasing in elke gedig. Alles is egter deel van die "wildtuin" wat die digter binne die bundel skep; die verbeelde wêreld van die poësie waarbinne al die dinge en die digter vredig lewe, ironies genoeg 'n volgende lewe vir natuurlike dinge in 'n nie-natuurlike representasie. Dit alles word deur die digtersblik dioramies beskou en weergegee.

Die slotafdeling van die bundel bevat drie gedigte wat besonder insiggewend is. Die eerste gedig gebruik die titel van Van Wyk Louw se "Ex unguine leonem" wat oor die verhouding tussen tekens en dinge handel. Hier word die verhouding tussen die digter en dit waaroor hy skryf aan die orde gestel. Daar is 'n gesprek met iemand wat betoog dat die digter minder moet word en die onderwerpe van die gedigte meer: die digter moenie soos 'n leeutemmer uiteindelik alleen in die kollig bly staan nie en moet die onderwerpe en woorde toelaat om as tekens self te praat. Myns insiens is die digtersaanwesigheid in 'n vers egter een van die belangrikste transformerende aspekte van die gedig. Die volgende gedig is "Ars poetica II" waarin die digter homself vergelyk met die natuurlike begaafdheid van die voëls wat al die essensiële klanke vervolmaak het. Hy self

voel blootgestel aan die sterkes in die bedryf en vermoed hy sal weldra "stort … oor die nes se rand" (p. 86).

Hierdie twee poëtikale gedigte sluit aan by en rond die gesprek oor skryf in die bundel as 'n geheel af. Die digter is nederig en moet sy plek ken, nogtans doen hy wat hy moet doen. Die relativering in die laaste gedig strek egter wyer. In "RIV" (p. 87) gaan dit weereens oor uitsterwing maar dan oor die uitsterwing van mense, van iemand "met die bekende trekke van die volk".

Waar daar in vele ander gedigte 'n bedekte aanklag is oor die roofsugtigheid van die mens en sy gebrek aan respek vir diere, word hier gesuggereer dat die mens self slagoffer word van sy inhaligheid om grond en goed te besit en te beheers. Die verwysing na "volk" gee egter aan die gedig ook 'n ideologiese betekenis. Uiteindelik word daar ook na die hart van hierdie mens, wat wel behoort het tot "the most audacious species", gesteek en gaan ook hy doodbloei en tot stof terugkeer.

Marais skryf skoon en helder verse, struktureel en tegnies vaardig en gaaf afgerond. Die leser moet hom egter nie laat flous deur die oënskynlike eenvoud nie, want op die mees subtiele maniere word fyn nuanses aangesny en vir die leser wat dieper kyk, word hierdie bundel 'n vervullende en stimulerende leeservaring en belewenis.

Op die drumpel

Myburgh, Melt. 2010. **Oewerbestaan.** Pretoria: Protea Boekhuis. 74 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-369-0.

Resensent: M. Taljard
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Melt Myburgh se debuutbundel is 'n bundel wat op verskeie vlakke beslis belofte vertoon. Dat dit in hierdie bundel primêr gaan om die drempelervaring, word reeds deur die titel, *Oewerbestaan*, gesuggereer. Die oewer is immers die grens tussen die rivier en (in hierdie geval) die omringende woestyn, soos dit treffend op die voorplatfoto uitgebeeld word, asook in die gedig "karos". Dat die gedig eweneens 'n liminale ruimte is, spreek uit 'n gedig soos "beswering": *hierdie reël lê ek voor jou voete neer / staan dan terug / en wag tot jy daaróór / dié gedig binne tree.* Die motto, 'n ou Chinese spreuk, *as mens lank genoeg op een plek bly sit, sal die hele wêreld mettertyd verby*

jou draai, verklap ook iets van die liminale toestand van die digter wat in hierdie bundel aan die woord is, maar dui eweneens op die kinematologiese blik wat die digterlike kyk in baie gedigte tipeer.

Die bundel is gestruktureer in vier afdelings. Die eerste afdeling, "kanale en onderpaaie" bevat meestal jeugherinnerings. Daarna volg "om federico", 'n aantal gedigte waarin die lewe van Federico García Lorca gejukstaponeer word met die digter se eie lewe. Vervolgens "gesigte" waarin dit oor metafisiese ervarings gaan en ten slotte, in die afdeling "inkdood", is daar enkele gedigte oor die dood.

Soos Joan Hambidge reeds in 'n resensie oor die bundel uitgewys het, is die gedigte waarin Myburgh oor die bekende dinge van sy eie lewe skryf verreweg die beste gedigte in die bundel. Daarom staan die eerste afdeling van die bundel uit, asook een of twee gedigte uit die laaste afdeling soos byvoorbeeld "by my pa se dood". Die enkelstaande gedig, "aankoms", voor in die bundel maak 'n besondere stelling in verband met magsverhoudings. Wanneer die kragtige vegvliegtuig met 'n matador aan boord *met hidrouliese presisie neerstryk op die teer*, word hierdie magsvertoon dadelik gedekonstrueer deur die klimaat van die plek waar dit neerstyk (waarskynlik Upington), want oombliklik ruïneer die hitte die matador se hemp. Dwarsdeur die bundel vind 'n mens gedigte waarin die besondere impak van die digter se tuiste in die warm Upingtonstreek deurskemer.

Enkele temas speel 'n besondere rol in die bundel. Een daarvan is die metatekstuele besinning oor die skryfambag, asook die mag van die gedig en by implikasie die digterlike woord. In die eerste gedig van die eerste afdeling begin die digter met die stelling: *so neem die digter dan pen op / om 'n oleander te laat blom ...* – die bekende logosstelling, naamlik dat alles deur die woord/Woord tot lewe opgeroep word. Die gedig "aan jeffrey dahmer" besin oor die aard van digterskap en kom tot die slotsom: *aan poësie is geen trou te sweer nie / dit bly aanhoudend vra om wegkap / afkap / verkap / ontkop* ...

'n Ander belangrike tema is dié van homo-erotiese liefde, waarvoor die belangrikste sleutel te vinde is in die reeks gedigte oor die Spaanse homoseksuele digter, Lorca. Ook ander bekende gay persoonlikhede kom direk of in gedigopdragte in die bundel voor, onder andere Johann de Lange, Laurie Gaum en Hennie Aucamp. Die liminale aspek van hierdie soort verhoudings sou kon spreek uit 'n reël soos *ons is beleër in ons liefde*. 'n Interessante liefdesgedig is die laaste gedig in die bundel, 'n gedig waarin die liefde en die gewelddadige naas mekaar gestel en deur middel van die tradisionele

liefdesidioom beskryf word: *as afskeidsgeskenk sou ek graag / vir jou 'n borsplaat bied / versreëls uit die koran daarop gegraveer (...) trooswoorde om die onrus te tem / met, aan die binnekant, die voering bo jou ribbekas, liefling, / lêplek vir 'n dosyn dinamietkerse*. Hierdie is een van die mees geslaagde gedigte in die bundel.

Hoewel daar enkele werklik goeie verse en skitterende metafore te vinde is, soos *die spieël dra steeds die ingewaterde motief van jul omhelsing*, slaan Melt Myburgh se stem nog nie duidelik genoeg deur nie. Daar is nog te veel in die gedigte wat trek op ander digters soos Antjie Krog, Johann de Lange, Joan Hambidge en selfs Koos Kombuis. Boonop sê die gedigte wat oor die digambag en die mag van die woord handel ook niks wat ander Afrikaanse gedigte oor hierdie ou-ou tema nie reeds gesê het nie. Op verskeie ander vlakke kan die digter nog baie meer subtiel te werk gaan. Daar word byvoorbeeld nog te veel betoog en te min versteek. Wat egter ter versagting genoem kan word, is dat Myburgh se gedigte 'n inherente vloei aan hulle het en dat die vormgewing meestal slaag. Myburgh is 'n jong digter wie se werk gerus maar dopgehou kan word – dat hy talent het, is voor die hand liggend. Dit moet net stadig en met sorg ontgin, geslyp en afgerond word.

Versindaba 2010

Myburgh, Melt, *samest*. 2010. **Versindaba 2010**. Pretoria: Protea Boekhuis. 78 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-401-7.

Resensent: M. Taljard
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Die sesde *Versindaba*-bundel gee, soos sy voorlopers, so min of meer die stand van die Afrikaanse poësie in die jaar 2010 weer. Dit bevat gedigte van agtien digters van wie daar binnekort 'n bundel verskyn of wat pas 'n bundel die lig laat sien het. Sommige van hulle soos Tom Gouws, Louis Esterhuizen, Joan Hambidge en Johann Lodewyk Marais is reeds ou bekendes op die Afrikaanse poëtiese toneel, terwyl ander soos Karen Huhn, Aniel Botha, Lou-Anne Stone en 'n hele paar ander, relatief nuwe stemme verteenwoordig.

Die eerste vyf *Versindaba*-bundels is deur Louis Esterhuizen en Marlise Joubert, wat toe nog die *Versindaba*-fees gereël het, uitgegee. Met die totstandkoming van die *Versindaba*-webtuiste is die *Versindaba*-fees aan die US-Woordfees oorgegee en hierdie jaar

het Melt Myburgh die redaksie van die digbundel behartig. Dit is ’n netjiese boek wat sag op die oog val, deeglik gebind en geset is op duursame papier met ’n Voorwoord deur Nicol Stassen en ’n Inleiding deur Louis Esterhuizen. Van elke digter wat in die bundel verteenwoordig word, verskyn hoogstens twee gedigte en ’n kort CV.

Die eerste deel van die bundel word aan die werk van gevestigde digters in alfabetiese orde gewy, terwyl nuwe digters in die tweede helfte van die bundel teregkom. Die eerste digter, Floris A. Brown, is ’n digter wat al 24 selfpublikasies die lig laat sien het. Sy eerste gedig, “Ek soek jou”, is werklik nie op standaard nie en hoort myns insiens nie in ’n bundel soos hierdie nie – veral nie as eerste indruk nie! Sy tweede gedig, “Niemand skryf meer briewe” is ’n liefdesgedig waarin die onpersoonlike moderne skryfwyse gejukstaponeer word met die sorgvuldige skryf met pen en ink: *liefde kom nog aangestap in ’n handgeskrewe brief*. Nog ’n liefdesliriek kom uit Kobus Lombard se bundel *Vlerke vir my houteend*, waarin, interessant genoeg, ook die ink as simbool optree: *my ink sal aanhou klink / tot jou stem / soos bloekomblare / ritsel in die wind (...) jy laat die wind soos vingers / deur my hare waai*. Louis Esterhuizen roep met sy twee gedigte “Weerkaatsings” en “Lente” die Lae Landse ruimte meesterlik en sensitief op, terwyl Joan Hambidge deur middel van die gedigte “New York” en “Dallas” die ruimtes van hierdie twee stede verken. Hierdie twee reisgedigte aktiveer eweneens die ruimte van haar jongste bundel *Vuurwiel*. Johann Lodewyk Marais se twee gedigte tree in gesprek met die seelewe – “Kourie” en “Suidelike pylstert”. Laasgenoemde satiriseer die toeris wat *tuis trots aan ’n bobeen die ‘love bite’ / van ’n lastige pylstert kan gaan wys* met sy selfgesentreerde kyk na biodiversiteit. ’n Tema wat deur verskeie digters aangeraak word, is dié van sosiale kommentaar, soos Marlene van Niekerk se gedig na aanleiding van ’n foto in *Die Burger*, “Vir president Motlanthe”. Ook Aniel Botha se “Krismis”, Pieter W. Botha se “as die dag dynserig is” en “die laaste foto”, asook Karen Kuhn se “Dophou” handel oor hedendaagse sosiale kwessies. ’n Interessante gedig is dié van Koos Oosthuizen waarin hy *taal skep soos die skeppers van Xhosa*, ’n prysdig waarin Afrikaans en IsiXhosa naas mekaar gebruik word – die Afrikaans as vertaling van die Xhosa. Een van die gedigte wat die grootste indruk op my gemaak het, is M.M. Walters se epiese gedig, “Act of Faith”, oor die teregstelling van die ketter Johannes Hus van Boheme op die brandstapel, met die ironiese einde: *Die volgende môre, terwyl werkers die asse / bymekaar skraap en strooi in die rivier ... is ’n dankdiens gehou ter ere van die jaloerse God / wat steeds sy Kerk in stand hou, die vas-*

te burg / te midde van die hel se woede. Religieuse temas word ook deur Tom Gouws se gedigte, "oorsprong" en "advent", verwoord. In die afdeling vir nuwe digters, is dit veral die twee gedigte van Pieter Odendaal wat 'n mens opgewonde stem deur die digter se fyn waarnemingsvermoë en *understatement* wat spreek uit sowel die gedig "noord-namibië" waarin die grensoorlog subtiel die ruimtelike beskrywing onderlê, as uit "die palestynse seun wat op swaeltjies gewag het", 'n gedig oor die onskuldige slagoffers van oorlog.

Wat my opgeval het, is dat die meeste van die nuwe digters – ses noem dit pertinent in hulle CV's – óf verbonde is of was aan die US óf aan UCT. Daar is tog ook sentra vir kreatiewe skryfkuns in Pretoria en Potchefstroom ...? 'n Mens kan tereg vra waarom die noordelike kreatiewe stemme nie in hierdie bundel verteenwoordig word nie.

Wat resepsie betref, is hierdie bundel gemik op 'n groot mark van poësielesers en dit behoort algemene byval te vind.

Uiteenlopende en eksotiese reisbestemmings

Pretorius, André. 2010. **Iets ver en nuut.** Pretoria: Protea Boekhuis. 258 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-355-3.

Resensent: B. van der Merwe
Mafikeng

Volgens die biografiese besonderhede op die agterblad bevind André Pretorius hom al vir die afgelope sestien jaar in die buiteland. Tans woon en werk hy in Cambridge en skryf gereeld vir Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte oor reis, wyn, musiek en internasionale aangeleenthede

In *Iets ver en nuut* neem hy sy lesers na uiteenlopende en eksotiese reisbestemmings dwarsoor die aardbol. Onder die titel van elke skets word die plek waaroor dit gaan asook die maand en jaartal van die skrywer se besoek, vermeld. Die eerste van die 46 sketse dien as inleiding en die res word tematies saamgegroepeer in sewe afdelings, elk met 'n oorkoepelende titel en een of meer gepaste aanhalings uit die wêreldliteratuur. By die afdeling "Vliegtuie, rytuie, vaartuie" word byvoorbeeld twee van Robert Louis Stevenson se bekende uitsprake aangehaal: "To travel hopefully is a better thing

than to arrive" en "For my part, I travel not to go anywhere, but to go. I travel for travel's sake. The great affair is to move." (p. 184.)

In die eerste skets, "'n Olimpiese droom" (p. 9), kom die leser te wete hoe alles begin het – met die skrywer se eerste oorsese reis om die Olimpiese Spele van 1992 in Barcelona by te woon. Hy was sewentien jaar oud en dit was vir hom die

> eerste soet smaak van daardie verruklike vrug wat altyd tergend buite bereik gewink het: 'oorsee.' Daardie naamwoordjie – 'oorsee' – was vir my die versamelnaam vir al die wondere van 'n mitiese, idilliese plek, 'n Arkadië van geskiedenis, geboue, gebeure en die onbekende. (p. 10.)

Inhoudelik verskil die sketse net so veel van mekaar as die verskillende bestemmings waar dit afspeel. In sommige van die vertellings loop hy ver terug op die spore van bekende geskiedkundige figure soos byvoorbeeld die volksplanter, Jan van Riebeeck in Djakarta, die voormalige Batavia ("Grafgesprek met 'n volksplanter", p. 20); die vermaarde Engelse admiraal Lord Nelson in Norfolk ("England expects … dat jy jou bier sal drink", p. 118); die dowe Beethoven met sy "reddelose musiek van hoop" (p. 215); Jacques Brel wat "die donker sy van die lewe in sy musiek in die oë kyk" ("Zonder liefde, warme liefde …", p. 223).

Soms word minder bekende grepe uit die geskiedenis vernuftig met die reisindrukke verweef, soos byvoorbeeld die verhaal van Marguerite Duras en haar Sjinese minnaar in Cholon ("Verbode liefde in Saigon", p. 234). Ander sketse plaas die leser in die meer onlangse verlede soos die ooggetuieverslag van die begrafnisplegtigheid van Pous Johannes Paulus II in April 2005 in Rome ("Wojtyla se laaste buiging", p. 54).

Daar is ook kort sketse waar net op een insident gefokus word, soos die nagtelike tremrit in San Francisco ("Prediker van die laatnagtrem", p. 193) of op 'n enkele gesprek, soos wat die skrywer op 'n winderige dag in Desember met Broer Charles, 'n ou monnik van die klooster van Scourmont naby Chimay in die suide van België gehad het ("Broederlike gesprek", p. 90).

In al die sketse in die bundel is dit duidelik dat die skrywer elke onderwerp waaroor hy skryf, deeglik nagevors het. Hy gee genoeg agtergrondskennis om óf die leser se nuuskierigheid oor 'n bepaalde saak te bevredig, óf hom te prikkel om self verder te gaan nalees.

Dit is egter glad nie ’n opeenstapeling van droë feite nie, maar ’n sensitiewe weergawe van persoonlike belewenisse. Die humor bly ook nie uit nie, soos die beskrywing van ’n besoek aan die Rudasbaddens “net neffens die Elizabethbrug oor die Donau aan die Boedakant van Boedapest” waar die skrywer ’n sakdoekgrootte lendekleedjie kry as “die enigste sluier vir my skaamte” (p. 50). Talle van die sketse is in dieselfde ligte trant, soos byvoorbeeld ’n “Saigonse babelaas” (p. 124) om slegs een te noem. Op soek na ’n sekere museum in Ho Chi Minh-stad ontmoet die skrywer en sy terloopse reisgenoot een Vrydagmiddag ’n groep amptenare van die staatsaanklaersdepartement wat hulle hartlik nooi om deel te word van hulle “jaarlikse een-of-ander-partytjie” – met voorspelbare gevolge, soos die titel van die skets ook aandui.

’n Aantal van die sketse word op besonderse wyse gekomplementeer deur die 21 foto’s (swart en wit sowel as kleur) wat in die bundel opgeneem is. Dit gee ’n glimps van die plekke, mense, gebruike, spys en drank wat die skrywer so uitmuntend vir die leser skets. “Iets ver *en* nuut” is ’n keurig versorgde lekkerleesbundel met ’n treffende voorbladontwerp. Dit behoort in die smaak van die gesoute reisiger sowel as die leunstoelreisiger te val, want soos die skrywer self tereg opmerk:

> Reis is ’n ontsnaproete uit onkunde, uit die arrogansie van ’n eng uitkyk; dit is om ’n beeld van die wêreld te vorm, om jouself daarin te plaas, om menswees te begryp deur die oë van ander kulture en ander eras. (p. 13.)

Uit vervloë jare en nie-so-lank-gelede

Serfontein, Dot. 2010. **Ek is maar ene.** Pretoria: Protea Boekhuis. 204 p. Prys: R140,00. ISBN: 978-1-86919-343-0.

Resensent: M. Taljard
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Die tweede uitgawe van Dot Serfontein se *Ek is maar ene*, wat oorspronklik in 1972 uitgegee is, volg kort op die hakke van *Vrypas* en *Amper my mense*, wat in 2009 verskyn het. Soos laasgenoemde twee bundels, bevat *Ek is maar ene* ook essays en vertellings oor interessante mense en gebeure uit vervloë jare en nie-so-lank-gelede-nie.

Hierdie bundel illustreer nogeens Serfontein se boeiende vertelvermoë en haar besondere fyn waarneming, veral waar dit mense aangaan. Sy is ’n skryfster wat elke karakter tot sy volle reg laat kom en tot ’n legende laat uitbloei. Die Serfonteins word kostelik beskryf in “Die vertoning”. Die leser verkneukel haar/hom in die idiosinkratiese vroue wat weier om by die kleindorpse sosiale konvensies in te val, in die mans wat so menssku is, dat hulle in die kraal gaan wegkruip wanneer kuiermense kom en tantes en ooms wat hulle lewe lank, selfs in die openbaar, kaalvoet loop. “’n Stil begrafnis” vertel die verhaal van tant Beatrice, ’n swerwervrou wat haar lewe lank geglo het dat sy deur die geheime polisie agtervolg word, “’n ongemaklike oorblyfsel uit ’n vroeër tydperk – die oujongnooitante wat eers by ’n reeks niksvermoedende gesinne goewernante was, daarna bloot geswerf het om van tyd tot tyd op familielede toe te sak ...” Die titelverhaal beeld die pioniersvrou, tant Trynie, uit, ’n luisterryke karakter, “[h]aar ruwe lewe is ’n slagveld van onbesonge oorwinnings ...”. Aan selfspot ontbreek dit die bundel ook nie: “Met kinders en koeldrank op reis” is ’n reisbeskrywing waarin die verteller se eie onvermoë om te organiseer, kinders te dissiplineer en rigting te hou, geïroniseer word. Dit bevat onder andere interessante anekdotes oor die digteres Antjie Krog, Serfontein se dogter.

’n Verdere kenmerk van Serfontein se skryfvermoë is haar besondere slag om ’n verhaal só te vertel dat dit die leser deurgaans boei. In die eerste essay in die bundel, “Hoenderkraai”, vertel sy van die omwentelings wat in haar kinderjare plaasgevind het toe die plaashoenders met opregte Bartel Brink-stamboekhoenders vervang is en daar sogenaamd wetenskaplik geboer is. Die slotverhaal van die bundel is nog ’n juweel waarin ’n gesinsvakansie op Skroef-se-Bad langs die Oranjerivier op humoristiese dog deernisvolle wyse beskryf word. Die reis deur die barre Noord-Kaap word so aanskoulik aangebied soos geen fotogids dit kan doen nie!

Soos in laasgenoemde verhaal, word ’n groot deel van die bundel gewy aan die uitbeelding van die woestynruimte van die Noord-Wes Kaap. In enkele kontreiverhale wat deur die skryfster in die Kalahari opgeteken is, word die ruimte van die ongetemde Kalahari meesterlik oproep. “Die donkie het hom mak gemaak” is ’n verslag van die donkie se rol in die vestiging van die Kalahariboere. Donkies kan tweehonderd myl saam met ’n boormasjien trek sonder om water te drink en boonop langs die boorstaning spekvet word voordat water raakgeboor word. Soos laasgenoemde verhaal, is ook “As die matompas trek” ’n verhaal wat interessante historiese inligting bevat oor die lewe van die eerste boere wat die Kalahari ingetrek het en hulle

boerderye daar gevestig het. Dit vertel van die ontberings in ’n dorre streek waar die kweek van groente die grootste uitdaging denkbaar bied. Die ruimte van die Kalahariwoestyn word in hierdie verhaal onder andere opgeroep deur die beskrywing van die vleisgeregte wat daar voorberei word: kookvleis wat net-net inmekaargetrek het en dan met ’n suursous voorgesit word, rooikeel – die slukderm van ’n skaap of bok, gestop met vet en oor die kole gebraai, gestopte blaarpens, bokkop en gemsboklewer. “Die huis van papier”, nog ’n pioniersverhaal waarin die bou van ’n huis, letterlik uit papier, die tema is, word vertel deur die vrou wat eiehandig meelpap en papier gebruik het om ’n huis te bou. Serfontein se insig in die menslike kondisie spreek uit hierdie vertelling: “Dan, met ’n skok, besef jy: Sy vertel nie haar lewensverhaal nie. Sy dig dit! Sy sing dit! Soos die bannelinge by die riviere van Babel die lied van hulle verlore Israel gesing het ...”.

So sou ’n mens kon voortgaan om die een na die ander treffende eienskap van hierdie bundel op te noem. ’n Mens blý eenvoudig bekoor deur Serfontein se verbluffende formuleringsvermoë en woordvaardigheid. Kortom: hierdie bundel spréék tot die méns omdat dit diep inkyk in die mens se wese en omdat die skryfster daarin slaag om dít wat alle mense bind in haar unieke vars, humoristiese styl uit te beeld.

Ontspanningsverhale uit Namibië

Immelman, Doc. 2010. **Kersfees in Carmona.** Pretoria: Protea Boekhuis. 114 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-287-7.

Resensent: J.P.C. van den Berg
Department Afrikaans & Nederlands, Duits & Frans,
Universiteit van die Vrystaat

Doc Immelman is sekerlik een van die mees gepubliseerde ontspanningskrywers in Afrikaans – reeds meer as 40 boeke het uit sy pen verskyn. Lank reeds woonagtig in Namibië, skryf hy oor “wêrelde waar hardebaarde kan liefhê, helde nog met die vuis kan slaan en kameeldoringbome arabesk teen die laaste bietjie lig van die dag geëts is”, soos wat op die agterkant van *Kersfees in Carmona* aangedui word. Die afgelope tyd het Protea Boekhuis ’n hele aantal van Immelman se romans herdruk – die teks onder bespreking bestaan uit vyf kortverhale of “stories”, heruitgegee met ’n pragtige foto van ’n “arabeske” stel springbokhorings wat verlate teen die Namibiese sonsondergang pryk. In die voorwoord maak Immelman dit duidelik

dat die stories "in die vroeë sestigerjare van die vorige eeu geskryf" is en verreken hy hiermee ook die enigsins gedateerde verwysingsraamwerk: Suid-Afrika staan byvoorbeeld vir die Suidwesters bekend as die "Unie". Die verhale win aan outentisiteit aangesien geen redigering aan die oorspronklike weergawes gemaak is nie en dit dus onveranderd herdruk is.

Die vyf verhale behoort eerstens as ontspanningsliteratuur gelees te word – nêrens kan die verskuilde intensie (pretensie?) raakgelees word om aan te dui dat dit poog om meer as dit te wees nie. Die wêreld van die Namibiese landskap figureer as agtergrondmotief, maar win nooit aan eksistensiële betekenis proporsioneel aan die stories van die karakters wat beskryf word nie. Dit is trouens die liefde wat soos 'n goue draad deur die verhale loop – nie dat hierdie tema nie literêr ingekleur kan word nie, maar hier manifesteer dit betreklik eendimensioneel as "verlore liefde", "liefde met die (effe vertraagde) eerste oogopslag", "ware liefde" en dies meer. Dit is ook interessant om telkens die kontras raak te lees: die teerheid van die liefde teen die agtergrond van die dikwels onverbiddelike landskap. En selfs al weer sommige van die manlike karakters hulle daarteen, verklaar die geliefde: "'Ja, ek weet. Maar jy is nietemin teer'."

Die vyf verhale is myns insiens van effe ongelyke gehalte, waarvan die titelverhaal een van die minder geslaagde stories is. Vertel teen die agtergrond van die oorloggeteisterde Angola, pas die beskrywing van die liefdesaspek wat die eintlike tema vorm, net nie naatloos in die geskilderde milieu nie. Dit is juis die probleem met sommige van die verhale – dit is nie die tema van die liefde wat noodwendig misplaas is nie, maar die wyse waarop dit soms ongemaklik en lomp in die geheel ingebed word. Soms werk hierdie aspek enigsins beter, soos in "Twee dae by Kaitscha-vlei", maar die effe soetsappige dialoog en karakterisering doen gewoon afbreuk aan die geheel. Die kontras tussen harde landskap (en ook "harde" omstandighede soos oorlog en misdaad) en tere liefde word sodoende eerder gereduseer tot twee aspekte wat nie met sensitiewe oorleg op mekaar afgestem is nie.

"Een nag in die Chuos", die verhaal van die nadraai van 'n bankroof met 'n suggestie van liefde in die slot, is die mees geslaagde verhaal. Hinderlikhede is daar wel, maar veral die beskrywings van die omgewing van die Chuosberge spring in die oog. Dit is minder "arabesk" as van die ander skilderings, wat soms as hinderlik ervaar kan word en laat ook die slot se deur op 'n groter skrefie oop, as wat normaalweg die geval is.

"Een meisie en drie kêrels" vertel die onoortuigende verhaal van adolossente liefde (wat toe ook die ware liefde blyk te wees) teen die agtergrond van die Tweede Wêreldoorlog. Hier is net té veel toevallighede wat sonder skroom deur die karakters as gegewe aanvaar word. Die titel van die volgende storie, "Verraad op die vlakte", klink veel dreigender as wat die verhaal as sodanig blyk te wees en transponeer 'n byna adolossente liefdesgegewe na die volwasse lewens van die hoofkarakters. Sonder die empatiese oog van 'n ontspanningsleser word dit weereens effe hinderlik. Die slotverhaal, "Twee dae by Kaitscha-vlei", het heelwat mooi en humoristiese beskrywings, asook raak tiperings van karakters.

In die voorwoord word die suggestie gelaat dat sommige van die verhale in mindere of meerdere mate deur ware insidente geïnspireer is. Hierdie leser kon nie anders as om veral met die lees van die minder geslaagde stories te wonder wat 'n ander skrywersgreep van hierdie werklikheid sou kon vasgryp nie. Maar uiteindelik is die verhale vir ontspanning geskryf en as sodanig is dit geensins sonder meriete nie. Dit is, inteendeel, baie interessant om die Afrikaanse stories oor Namibië te lees en vir diegene wat hou van die buitelewe en natuur, aangedik met 'n tikkie liefde, kan hierdie bundel sonder voorbehoud aanbeveel word.

Ons is elkeen uniek annerster

Nel, Thijs. 2010. **'n Annerster soort.** Oudtshoorn: Ateljee uitgewers. 129 p. Prys: R160,00. ISBN: 978-0-9802685-3-9.

Resensent: M. Crous
Departement Afrikaans & Nederlands,
Nelson Mandela Metropolitan University

Hierdie versameling verhale, anekdotes en vertellings deur Thijs Nel het oorspronklik in 1997 verskyn en is in 2010 bygewerk en herdruk in 'n beperkte oplaag van sowat 200 eksemplare. Die versameling met sy pragvoorblad met 'n kunswerk van Francois Weideman word op enkele plekke deur setfoute bederf – wat hopelik reggestel gaan word in verdere oordrukke.

Die verhale sentreer rondom die tema van jeugherinnerings en spesifiek die jong seun se ervaring. Daar is die bewuswording van ander, die seksualiteit en die interaksie met ander randfigure soos onder meer die swaksinnige bokwagter. Die verhaal "Die donkerder donkerte" fokus op die tienjarige seun se ervarings toe sy stem

begin breek en hy seksueel ingelyf word deur die vroegryp Jan-Karel en sy sussie, Saar.

Soos die titelverhaal suggereer, is die vertellende instansie wat meermale voorkom, ’n jong seun wat bewus is van die buitengewone en die onbekende en ingestel is op ’n tipe droomwêreldse ontvlugting.

Die paradysagtige bestaan wat uitgebeeld word, word egter voortdurend bedreig deur onder meer siekte, dood en selfs deur ontrouheid. So het die verteller se pa ’n verhouding met ’n vrou wat alleen saam met haar kinders eenkant woon. Die verhaal “Speletjies” handel byvoorbeeld hieroor, maar word myns insiens bederf deur die té opsigtelike simboliese slot.

’n Annerster soort bied aan die leser insae in die leefwêreld van ’n uiteenlopende groep plattelanders, vertolk hulle gewoontes en hulle uitdrukkings en sêgoed word deel van die verteller se taal, sonder om bloot net in streektaalvertellings vas te steek.

Die bundel sluit af met ’n Zen-agtige vertelling – dalk outobiografies? Dit vertel die verhaal van die jong sieklike seun en die Klein Goggatjie en die verwondering oor die wêreld en die lewe.

Die verhale speel grotendeels in die Bosveld af en in “Kruis of munt” onderneem die skrywer ’n vertellende nostalgiese reis terug na die Bosveld van sy kinderjare en die lewe op die plaas Waterkloof. Dit is altyd interessant om te weet watter boeke ’n skrywer eerste in sy jeug aangeskaf of as geskenk gekry het. In Nel se geval lees ons dat hy in 1954 Van Wyk Louw se *Nuwe verse* aangeskaf het, en dit was vir hom ’n waterskeiding (p. 110). Hy skryf ook van sy resitasie “Die goue appel” wat deur Ken Swart oor die radio voorgelees is en waarvoor hy trouens die genoemde Van Wyk Louw as prys gekry het. Soos dit met enige terugtog na die plek van oorsprong gaan, word hier ook op die verandering en die verval wat ingetree het gelet, maar daar is steeds die bewussyn van die natuur wat onveranderlik voortgaan.

Soms word betekenis en sentiment onderspeel en sommige van die vertellings skep ’n ietwat onaf indruk. Dit steek te veel in die anekdotiese vas. Tog stem ek saam met Hennie Aucamp se opmerking, wat agterop aangehaal word, dat daar in Nel se verhale ’n “oënskynlike eenvoud” te bespeur is. Dit word klein portrette wat oor grootse temas handel om die uniekheid van die annerster soort mens te belig.